25 JULIE 2010 **AANDDIENS**

PASTOOR DION VD MERWE

DIE BOEK EFESIëRS
EFESIëRS 1: 15 - 17

"Daarom—vandat ek gehoor het van die geloof in die Here Jesus wat onder julle is en die liefde tot al die heiliges—
hou ek ook nie op om vir julle te dank as ek aan julle in my gebede dink nie,
dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee,"

DIE SLEUTEL

Vers 16 "hou ek ook nie op om vir julle te dank as ek aan julle in my gebede dink nie,"

1. EFFEKTIEWE GEBED

Die belangrikheid om uit te hou en aan te hou.

VOORBEELD

Lukas 11: 5-8 "En Hy het vir hulle gesê: Wie van julle sal 'n vriend hê en sal middernag na hom gaan en vir hom sê: Vriend, leen my drie brode,
want 'n vriend van my het van 'n reis by my aangekom, en ek het niks om aan hom voor te sit nie—
en dié van binnekant sal antwoord en sê: Moenie my lastig val nie; die deur is al gesluit, en my kinders is saam met my al in die bed; ek kan nie opstaan om vir jou te gee nie.
Ek sê vir julle, al sou hy ook nie opstaan en vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog ter wille van sy onbeskaamdheid opstaan en hom gee soveel as hy nodig het."

Lukas 18:1-5 "En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie,
en gesê: Daar was 'n regter in 'n stad wat God nie gevrees en geen mens ontsien het nie.
En daar was in daardie stad 'n weduwee, en sy het gedurig na hom gekom en gesê: Doen reg aan my teenoor my teëparty.
En 'n tyd lank wou hy nie; maar daarna het hy by homself gesê: Al vrees ek God ook nie en al ontsien ek geen mens nie,
tog sal ek, omdat hierdie weduwee my moeite gee, aan haar reg doen, sodat sy nie eindelik kom en my in die gesig slaan nie."

2. WAT BID EK?

Die Gees van wysheid en openbaring.

Vergelyk met **1 Kor.2 :14 "Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word."**

Die mens sonder die Gees van God kan nie dinge geestelik beoordeel nie . Die geestelike dinge is dwaas vir hom.

Die **doel** van die Gees van Openbaring.

Sodat ons Hom beter kan **ken**.

Johannes 17:3 "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het."

3. BID VIR INSIG

Efes.1:18-21 "**verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is;**
en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte
wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele,
bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige."

Insig in wat?

Verligte oë van die verstand - **sodat**

Kan weet
Hoop van Sy roeping
Rykdom van die heerlikheid
Van Sy erfdeel

4. JESUS DIE HOOF

Efes 1:22-23 "En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee,
wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul."

Vers 22 "God placed all things under His Feet"

Die Bybel noem Jesus - Here van almal.

Handelinge 10:36 "**Dit is die woord wat Hy gestuur het aan die kinders van Israel toe Hy die evangelie van vrede verkondig het deur Jesus Christus—Hy is die Here van almal."**

Hy is die Here van almal!!

Romeine 10:12 "Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep."

Alles is onder Sy heerskappy.

Mattheus 28:18 "**En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde."**

Hy is die hoof van Sy liggaam en ons is die lede.

1 Kor.12:27 "**Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik."**

Sy liggaam – ons behoort aan Hom.

5. SY LIGGAAM - DIE VOLHEID VAN HOM

The church - the **fullness** of **Him.**

Moet nooit die kerk onderskat nie.

Ons voorreg as kerk is om beelddraers te wees van Hom.

Ons is ten volle toegerus **deur** Sy genade **met** Sy **krag**, Sy **gawes** en bedieninge.

Wat 'n voorreg.

SLOT

MY GEBED IS DAT JY OOK SAL ONTVANG – DIE GEES VAN WYSHEID EN OPENBARING IN KENNIS VAN HOM.
VERLIGTE Oë VAN DIE VERSTAND OM SY HEERLIKHEID TE AANSKOU.